Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS NET MY BESTE

31 Julie 2026 Uitgawe: 2/3/2026

# UIT DIE KANTOOR

Juliemaand is verby, maar ongelukkig lyk dit of die winter nou eers behoorlik hier is. Moet dus nie die warm baadjies te diep in die kaste bêre nie.

Die sport-, akademie- en kultuuraktiwiteite is nou volstoom aan die gang met ligas en optredes wat reeds hierdie week plaasgevind het.

Volgende naweek bied Tjokkies sy eerste amptelike 7's Rugbytoernooi aan. Alhoewel dit 'n langnaweek is, gaan die toernooi steeds voort op ons gronde soos beplan.

**Oueraand:**

Baie dankie aan elke ouer wat Woensdagaand die oueraand bygewoon het. Akademie is vir ons baie belangrik en dit help baie as ouers en onderwysers kan hande vat om u kind se akademiese struikelblokke te hanteer. Indien u nie die oueraand kon bywoon nie, kontak gerus u kind se vakonderwyser persoonlik om 'n afspraak te maak.

Die musiekafdeling van Vrystaat Kunswedstryd vir skole skop volgende week af en sal duur tot 14 Augustus. Baie sterkte aan ons kore en musiekleerders wat daar geleentheid kry om hul talente ten toon te stel. Onthou: *"hou noot en gaan groot."*

Baie sterkte aan ons Pom-poms met hul optrede eerskomende Woensdag in Kroonstad. Ons vertrou dat dit ook vir ons kultuurleerders 'n lekker uitstappie sal wees.

**Langnaweek:**

Sondag, 9 Augustus is Vrouedag. Gewoonlik 'n nasionale vakansiedag. Omrede dit vanjaar op 'n Sondag val, is die vakansiedag verskuif na Maandag, 10 Augustus. Dit beteken dus dat dit 'n langnaweek is.

Om hierdie rede sal die skool volgende Vrydag, **7 Augustus vroeër verdaag vir die langnaweek**. Omdat die 7's rugbytoernooi ook by die skool plaasvind, sal die skool Vrydag reeds om 11:00 verdaag. Die eerste wedstryde begin reeds om 12:00. Let wel, **Nasorgstudie sal normaal voortgaan.**

# ANDER

**Verlore klere**

Die hoop verlore klere en ander items by die skool raak by die dag ‘n groter kopseer. Tans word die verlore goedere in kratte by die damesbadkamers gelos, maar dit is ‘n seer oog, veral as besoekers die skool besoek.


Name van leerders is vandag uitgeroep van items waarop daar name is. Hierdie leerders moes hierdie items in die skoolsaal kom afhaal. Daar is egter nog heelwat items wat GEEN naam op het nie. Indien jou kind iets verloor het, kom kyk asb. of dit nie tussen die verlore items is nie. Hierdie klere en items sal nog in die saal beskikbaar wees vir die hele volgende week waarna dit verwyder sal word en geskenk gaan word.

Ek doen ‘n beroep op leerders en hul ouers om klere, kosblikke, ens. deeglik te merk sodat dit vinnig aan die korrekte leerder gegee kan word. Leer ook u kind om sy/haar goed op te pas en verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 31 Jul.: | Tjokkie Ondersteunersklub Gholfdag |
| | Pre-Primêr Tjoklympics |
| 1 Aug.: | Senior Kooroptrede @ Pellissier |
| 3-14 Aug.: | Vrystaat Kunswedstryd |
| 4 Aug.: | GSF Interne Redenaars |
| | OMS Public Speaking |
| 5 Aug.: | Pom-pom optrede te Trio Kroonstad |
| 7-8 Aug.: | Tjokkies 7’s Rugbytoernooi |

# VERJAARSDAE



Geen

**Brood van bo**

JESAJA 30:20-21 NLV

[20] Die Here het jou brood van swaarkry laat eet en water van lyding laat drink. Maar Hy sal nog by jou wees om jou te leer. Jy sal Hom met jou eie oë sien, die Een wat jou leer. [21] Jy sal ’n stem hoor sê: “Hier is die regte pad, loop hierlangs.”

In hierdie wêreld gaan ons by tye swaarkry...dis ‘n feit soos ‘n koei. Jesus sê self so: "In die wêreld sal julle swaarkry beleef...." (Johannes 16:33)

Te midde van die verskillende uitdagings, is ons Leermeester nie net bý ons nie, Hy is gereed om te leer. Hy wil ons die weg na die Koninkryk wys. Ewigheidslesse soos wysheid, geloof, geduld, lydsaamheid, nederigheid en hoop lewer ‘n wins meer werd as silwer of goud of enige iets wat die wêreld bied (Spreuke 3:13-15).

In jou woestyn-tydperk het die Here in gedagte om nie net in jou daaglikse brood te voorsien nie, Hy wil jou versadig met brood van bo.

Matteus 6:33 AFR20

[33] Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.